



Lêerno.: 19/2/P  
Verwysing: 20240328-2814

Assesseringsbestuursminuut: 0007/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Vrystelling van hersiene gewigsbepalings vir vakke met betrekking tot die assesseringsprogram (POA) vir die Verdere Onderwys- en Opleiding- (VOO-) band (Graad 10 tot 12)**

1. Hierdie minuut moet saamgelees word met Assesseringsbestuursminuut 0007/2023 van 31 Maart 2023 wat die hersiene gewigsbepalings betreffende die assesseringsprogram (POA) uiteensit.
2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S8 van 23 Maart 2023 uitgereik wat die hersiene gewigsbepalings met betrekking tot die POA bevat. Die DBO het vanjaar Omsendbrief S4 van 14 Maart 2024 uitgereik met die doel om skole in te lig oor die addisionele wysigings betreffende die gewigsbepalings van die skoolgebaseerde assessering (SGA) in die POA in agt vakke.
3. Die addisionele wysigings aan die gewigsbepalings van die SGA in die POA is in die volgende agt vakke aangebring, asook in spesifieke grade in die Verdere Onderwys- en Opleiding- (VOO-) band.
  - Besigheidstudies (Graad 12)
  - Elektriese Tegnologie: Digitale Stelsels (Graad 10 tot 12)
  - Elektriese Tegnologie: Elektronika (Graad 10 tot 12)
  - Elektriese Tegnologie: Kragstelsels (Graad 10 tot 12)
  - Geskiedenis (Graad 10 tot 12)
  - Wiskundige Geletterdheid (Graad 12)
  - Wiskunde (Graad 10 tot 11)
  - Mariene Wetenskappe (Graad 10 tot 12)

4. Die POA, met die hersiene gewigsbepalings vir alle vakke en grade vir graad 10 tot 12 (2024–2025), is as **Bylae A** hierby aangeheg.
5. Die POA dek die SGA, die eksamenkomponent, die praktiese assesseringstaak in die geval van vakke met 'n praktiese komponent, en die mondelinge assessering in die geval van Tale.
6. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se VOO-vakrekordblaaie vir 2024 is op SOBIS beskikbaar en is in ooreenstemming met die hersiene POA in DBO-omsendbrief S4.
7. In die geval van Wiskunde (Graad 10 tot 11) moet skole egter Weergawe 2 van die vakrekordblaaie aflaai sodat dit in ooreenstemming is met DBO-omsendbrief S4.
8. Distriksamptenare en prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders, ouers/voogde en leerders te bring.

**GETEKEN:** B LORISTON

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2024-04-10